
# Hoe lyk ons geloofslewe?



**Deel 7**



**2022-10-30**

**AGS Rayton**
**Past Gustav van Aardt**

---

**Wat is geloof**

**Heb 11:1** Die geloof dan is 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie.

Glo ons nog in God?

Sal ons beweeg as Hy beveel?

Hy is 'n bonatuurlike God

Leef ons deur geloof?

Wat jy glo gebeur met jou

Jou lewe is soos jy glo

(Laat dit wees volgens jou geloof)

Heb 11:2
Want daardeur het die mense van die ou tyd getuienis ontvang.

Maar julle, geliefdes, **moet julleself opbou in jul allerheiligste geloof** en in die Heilige Gees bid. Jud 1:20

# Vorige dele

## Hoekom het ons geloof nodig?

1. Sodat jy toetse kan slaag as jy op die proef gestel word.
2. Geloof bring redding en genesing
3. Geloof bring oorwinning
4. Geloof help jou om te verstaan
5. Geloof stel jou instaat om te offer aan God
6. Geloof dra by tot jou verhouding met God
7. Geregverdig deur geloof
8. Geloof is nodig vir gebed
9. Dit het 'n invloed op ander om ons
10. Jy ontvang krag
11. Visie om vorentoe te gaan
12. Geloof hou jou gefokus
13. Geloof maak jou vreesloos en vry
14. Geloof lei tot wonderwerke

# Lewe deur geloof

Gal 2:20 Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, **leef ek deur die geloof in die Seun van God** wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het.

Gal 3:11 En dat niemand deur die wet by God geregverdig word nie, is duidelik; **want die regverdige sal uit die geloof lewe.**

Heb 10:38 **Maar die regverdige sal uit die geloof lewe**; en as hy hom onttrek, het my siel geen welbehae in hom nie.


- **Deel met hoogmoed.**
- **Maak 'n geloofsbesluit (Wat wil jy hé?)**
- **Jy sal moet waag binne jou storm.**
- **Kry eers 'n woord.**
- **Waag met vrymoedigheid en dapper.**
- **Bedoel om met Christus te wandel.**
- **Geen plek vir vrees nie.**
- **Bewaar jou geloof.**

**Geloofsmense kan die onmoontlike moontlik maak deur die gebed van geloof**

## Stappe in geloof

**Jak 1:6** Maar hy moet in die geloof bid, sonder om te twyfel; want hy wat twyfel, is soos 'n golf van die see wat deur die wind gedrywe en voortgesweep word.

**1. Hartsbegeertes**
**2. Maak jou besluit**
**3. Vra in geloof**
**4. Ontvang in geloof**
**5. Begin daaroor praat asof jy dit het**
**6. Sien dit.**



## Deel 7

## Sien deur geloof

2Kor 4:18 omdat ons nie let op die sigbare dinge nie, maar op die onsigbare; want die sigbare dinge is tydelik, maar die onsigbare ewig.

## Sien die onsienlike

**Heb 11:1** Die geloof dan is 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie.

NOW FAITH is the assurance (the confirmation, the title deed) of the things [we] hope for, being the proof of things [we] do not see and the conviction of their reality [faith perceiving as real fact what is not revealed to the senses].Hebrews 11:1 AMPC

- **Sien reeds 'n vaste feit**
- **Let op die onsigbare**
- **Gaan oor die toekoms**
- **Geloof werk met die onsigbare**

## Sien reeds die uitkoms

Gen 30:31 En hy vra: Wat moet ek jou gee? Toe antwoord Jakob: U hoef my niks te gee nie. As u hierdie ding vir my wil doen, wil ek weer u kleinvee oppas, ja, versorg— 32 ek sal vandag deur al u kleinvee deurgaan en daaruit al die gestippelde en bont vee uitkeer; al die vee onder die skaaplammers wat swart is, en die bontes en gestippeldes onder die bokke, dit moet my loon wees. 33 En my regverdigheid sal later vir my getuig: as u kom om my loon na te gaan, sal alles wat nie gestippel of bont is onder die bokke, en wat nie swart is onder die skaaplammers nie, gesteelde goed by my wees. 34 Toe antwoord Laban: Goed, laat dit wees volgens jou woord! 35 En hy het dieselfde dag uitgekeer die gestreepte en bont bokke en al die gestippelde en bont bokooie, almal wat wit aan hulle gehad het, en almal wat swart was onder die skaaplammers, en dié aan sy seuns afgegee. 36 En hy het 'n afstand van drie dae bepaal tussen hom en Jakob; en Jakob het die orige kleinvee van Laban opgepas. 37 Toe neem Jakob vir hom groen latte van populier—, amandel— en plataanhout, en hy skil daarin wit strepe, sodat die wit van die latte uitkom; 38 en hy sit die latte wat hy geskil het, vlak voor die vee in die trogge, in die drinkbakke waar die vee kom drink het; en hulle het verhit geword as hulle kom drink. 39 En die vee het verhit geword by die latte, en die vee het gelam gestreeptes, gestippeldes en bontes. 40 Toe skei Jakob die lammers, en hy draai die koppe van die vee na die gestreeptes en almal wat swart was onder Laban se vee. En hy het vir hom afsonderlike troppe gemaak en dié nie onder Laban se vee gesit nie. 41 En elke keer as die sterkste diere verhit word, sit Jakob die latte voor die oë van die vee in die trogge, sodat hulle verhit sou word by die latte. 42 Maar as die vee swakkerig was, het hy dit nie ingesit nie; so was dan die swakkes vir Laban en die sterkes vir Jakob. 43 En die man het buitengewoon uitgebrei en baie kleinvee en slavinne en slawe en kamele en esels gehad.

## Sien die antwoord van jou gebed

Gen 30:31  En hy vra: Wat moet ek jou gee? Toe antwoord Jakob: U hoef my niks te gee nie.

- **Jakob ken die krag van visie**
- **Waar jou geloof met God ontmoet, gaan jy bonatuurlike dinge beleef**
- **Begin net sien wat God vir jou in stoor het**
- **Jakob praat reeds in geloof – Hy gaan God vertrou**

## Beweeg in geloof

***Gen 30:37*** Jakob het toe vars lote van populiere, amandels en plataanbome geneem en stroke van die bas afgetrek sodat daar wit strepe daarop was. ***38*** Toe sit hy die lote wat hy afgestroop het in die waterbakke waar Laban se vee kom drink het. Wanneer die ooie op hitte was en hulle kom drink het, is hulle voor die lote gedek. ***39*** Wanneer hulle voor die witgestreepte lote gedek is, was al hulle lammers gestreep, bont en gevlek.

- **Jakob neem sy stap in geloof.**
- **Hy kla nie oor hy reeds bedrieg is nie**
- **Jakob het kennis en ondervinding gehad.**
- **Hy beweeg in geloof**
- **Die vee het die strepe gesien**





## Jakob het gesien - visie

Gen 31:10 Eenkeer, in die tyd toe die kleinvee verhit was, het ek my **oë opgeslaan en in 'n droom gesien** dat die bokramme wat die kleinvee dek, gestreep, gestippeld en bont was. 11 En die Engel van God sê vir my in die droom: Jakob! En ek antwoord: Hier is ek! 12 En Hy sê: **Slaan tog jou oë op en kyk**: al die bokramme wat die kleinvee dek, is gestreep, gestippeld en bont, **want Ek het alles gesien** wat Laban jou aandoen. 13 **Ek is die God** van Bet-el waar jy die gedenksteen gesalf het, waar jy aan My 'n gelofte gedoen het. Maak jou dan nou klaar, trek weg uit hierdie land en gaan terug na jou geboorteland.



## God het ook visie oor ons

Gen 16:13 Toe noem sy die Naam van die HERE wat met haar gespreek het: U is 'n God wat sien. Want sy het gesê: Het ek hier ook gesien na Hom wat my sien?

- **Die God wat sien**
- **El Roi**
- **God het ook gedagtes oor ons maw Hy sien reeds**




## Gedagtes

**GEDAGTES WAT SATAN OOR JOU HET**

**GEDAGTES WAT JY OOR JOUSELF HET**

**GEDAGTES WAT GOD OOR JOU HET**

Maar Hy het omgedraai en vir Petrus gesê: Gaan weg agter My, Satan! Jy is vir My 'n struikelblok, omdat jy nie die dinge van God bedink nie, maar die dinge van die mense.
Mat 16:23



Want Ék weet watter gedagtes Ek aangaande julle koester, spreek die HERE, gedagtes van vrede en nie van onheil nie, om julle 'n hoopvolle toekoms te gee.
Jer 29:11

Want ons bedink wat goed is nie alleen voor die Here nie, maar ook voor die mense.
2Kor 8:21

Bedink die dinge wat daarbo is, nie wat op die aarde is nie. Kol 3:2

## Slaan jou oë op in geloof

**Gen 15:5** Daarop lei Hy hom uit na buite met die woorde: **Kyk nou op** na die hemel en tel die sterre as jy hulle kan tel. En Hy sê vir hom: So sal jou nageslag wees. 6 **En hy het in die HERE geglo**; en Hy het hom dit tot geregtigheid gereken.



# AGS Rayton se Visie

**“ONS VOLG JESUS CHRISTUS, DIE LIG VAN DIE WÊRELD, DEUR TE WANDEL SOOS KINDERS VAN DIE LIG”**



15